**4 Weke reeks: Uit ons sokkies geseën.**

**Skriflesing:** Matt 5:3-4
**Tema:** Genadebedelaars huil oor sonde en word geseën.

Thomas Green, 'n bekende Katolieke teoloog, vertel dat hy as sendingdosent in Manilla gesukkel het om die Filippyne te oortuig dat 'n mens op water kan dryf. Ten spyte van die feit dat hulle by die see gebly het, was hulle nie ywerige swemmers nie.

Hulle ervaring was dat jy moet skop en spook en spartel dat dit klap om bo bly. Daar is nie 'n ander manier nie. Wanneer jy dit nie doen nie, gaan jy sink. Hulle moes leer dat mens moet ophou met jou eie pogings en rustig raak en ontspan, Dan sal die water jou dra.

Dit is vir my so mooi beeld van my eie lewe. Ek spook en spartel op soek na geluk. Ek maak my eie planne. Vandag gaan ek hier wees en môre gaan ek daar wees.
Ek soek my geluk in aardse goed. Ek moet darem genoeg hê om mee af te tree. Ander van ons móét die leer van sukses tot bo uitklim. Ander weer is aan die jaag na meer plesier of vriende of groter gesondheid. Hierdie goed gaan nie hou nie.

Augustinus het gesê: "Die mens is vir God geskep en sal nie rus vind voor hy dit in God vind nie." Ons kan, met vandag se tema in gedagte, sy woorde so bietjie aanpas: "Die mens is vir God geskep en sal nie seën vind voor hy dit in God vind nie." Solank jy nog jou eie geluk wil maak, sal jy nooit oorvloedig gelukkig wees nie.

Ware en blywende seën begin by 'n lewende verhouding met die Here. Ons moet ophou spartel en rustig raak. Ons moet in geloof oorgee sodat ons op die water van sy liefde en genade kan dryf.

Ware seën begin by die ontdek van my geestelike bankkrotskap, wanneer ek besef dat ek niks aan God kan bied omverlossing te verdien nie. Hy alleen red. En daarom staan ek in afhanklikheid, met bedelaar leë hande, voor God in die geloofswete dat Hy my wil seën met sy vergifnis en verlossing, genade en liefde.

Ek gaan op my knieë voor die Here en gee my lewe, hoe langer hoe meer, aan Hom oor. Saam met Johannes bid ek die woorde van Johannes 3:30: "Hy moet meer word en ek minder."

Wanneer ons so totaal afhanklik van God leef, maak Hy van ons, wat genadebedelaars was, Koningskinders en mede-erfgename van sy ewige lewe.

**Wanneer ons hierdie seën ervaar, huil ons.**
Hierdie is nie gewone huil oor hartseer oomblikke of wegtop ervarings nie. Dit gaan hier oor kinders van die Here wat treur oor die verwoesting, pyn en hartseer wat sonde in ons eie lewens en in die wêreld rondom ons aanrig.

Dit is om soos Petrus, nadat hy Jesus driemaal verloën het, buitentoe te gaan en bitterlik te huil. So treur ek oor sonde, want ek weet dat my sonde lynreg teenoor God se liefdeswil vir my lewe staan.
Maar ek huil nie net oor my eie sonde nie, as geseënde huil ek ook oor die wêreld in sondeseer en -nood. Ek huil soos Jesus wanneer Hy die stad Jerusalem sien. Jesus huil omdat sy volk Hom as God se redder verwerp.

Ons huil oor ons geliefdes wat sterf en dit is reg so. Maar het jy al ooit gehuil oor iemand wat nog lewe en eintlik dood is omdat hy of sy nie die Here nie ken? Ons, as geseëndes, huil oor hulle wat in sondeverlorenheid en geestelike vodde in duisternis ronddwaal en so gewoond is daaraan dat hulle nie eens agterkom nie.

Maar ons sit nie net en treur nie. Ons is geseën om te seen.
Daarom kan ons nie anders as om die Here se seën te gaan uitdeel aan die buurman of buurvrou wat nie wil erediens toe kom nie. Ons deel sy seën uit aan die man of vrou by die werk wat van die een of ander substans afhanklik is of in ‘n buite egtelike verhouding staan. Ons deel sy seën uit aan almal wat in ‘n onvolmaakte wêreld seer- of swaarkry.

God sien ons trane en troos ons. Hy vergewe en vergeet ons sondes. En soms laat hy mense in sondeduisternis, wat Hy deur ons geseën het, tot inkeer kom.

**Afsluiting**
Ware seën begin die dag wanneer ek besef, dat anders as wat die ou Afrikaanse liedjie ons leer, geluk nie net om die draai lê nie. Geluk is nie in iets nie. Geluk is Iemand.
‘n Ware geseënde lewe begin wanneer ekself ophou spook en spartel om bo te bly, wanneer ek in diep afhanklike geloof oorgee en begin dryf in die oseaan van God se genade en liefde en wanneer ek intens deel raak van God se stryd teen en oorwinning oor sonde.
Amen